# Adullam Nuusbrief

Liewe Vriende

Die lente is hier in volle swang en die eerste reëns het geval om die wêreld skoon en nuut te laat lyk na die koue van die winter.

Ons gebed vir julle is dat die Here ook in hierdie nuwe seisoen wat voorlê die krag en genade sal gee om te volhard in die werk wat Hy vir julle beplan het. Ons bid soos Paulus dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling en dat julle waarlik sal besef hoe oneindig groot God se liefde vir ons is.

# Iets om oor na te dink...

### **’n Geloof wat wonders vra**.

Matt 16:4: “’n Slegte en afvallige geslag wil ’n teken hê, en geen teken sal aan hulle gegee word nie behalwe die teken van Jona." Hy (Jesus) het hulle daar gelaat en weggegaan.

Die gelowige dink baie keer dat indien hy ’n wonderwerk van God vra hy baie gelowig is. Dit kan egter juis dui op ongeloof. Baie dink dat God in elke omstandigheid die buitengewone wil doen. Hulle dink dat God elkeen wat siek is wil gesond maak of dat God ’n wonderlike ontsnapping uit elke nood sal bewerk. Jesus veroordeel dié wat net wonderwerke wou sien omdat Hy hulle harte geken het. Hulle wou nie in Hom glo as hulle geloof nie die hele tyd deur wonderwerke ondersteun word nie. Hulle geloof het net oorleef op die bo-natuurlike. Dit is ’n gebrekkige geloof en Jesus verlaat hulle. God werk baie keer en die meeste kere deur die gewone daaglikse dinge.

Die mens verkies meestal die wonderwerke bo die Wonderwerker. Dit is egter afgodediens en God ontmoedig dit deur te weier om wonderwerke op aanvraag te doen. Soms is die grootste geloof juis wanneer daar nie ’n wonderwerk gevra of geëis word nie. Dink aan die drie vriende van Daniël. Hulle staan voor die vurige brandoond. Hulle eis nie ’n wonderwerk nie maar hulle verseker Nebukadneser dat hulle God hulle wel uit die oond *kan* red. Maar indien God dit nie doen nie sal hulle nogsteeds nie die beeld aanbid nie (Dan 3:17-18). Hulle was oortuig van die vermoë van God om hulle te red maar het Hom so totaal vertrou dat hulle nie geëis het dat Hy hulle moet red nie.

Het jou geloof ook heeltyd wonderwerke nodig om dit aan die gang te hou? Of kan jy sê dat al doen Hy geen wonders nie, sal ek Hom nogsteeds vertrou? Ons moet die Here liefhê en dien ter wille van Homself en nie omdat Hy wonders doen nie.

# Adullam Aktiwiteite

# Adullam Christian Academy

Die aanslag op ons jeug is geweldig. Kinders word van jongs af reeds gebombardeer om die dinge van hierdie wêreld lief te kry en om volgens die standaard van die wêreld te leef. Ons skool is een van ons grootste uitreikingsaktiwiteite - hier kry ons die geleentheid om aan kinders die Evangelie van Jesus Christus op 'n suiwer en mooi manier oor te dra en om hulle te lei om die leuse van ons skool, "AFTER CHRIST ALONE", uit te leef.
Die skool bestaan tans uit ongeveer 135 kinders wat wissel van ouderdomme 3-19 jaar oud.

Bid saam met ons vir hierdie reuse taak:

- Dat die **jongmense wat reeds gekies het** om Christus as hulle persoonlike Saligmaker aan te neem sal volhard in hierdie keuse wat hulle gemaak het
- Vir **bekerings** onder ons jongmense
- Vir **getroue, toegewyde en opgeleide personeel** wat bereid is om in die Here se diens te staan
- Vir die **ouers van ons kinders**, dat hulle ook deur dit wat hulle kinders geleer word, vir Christus kan leer ken

# Kombuis

Om deel van die kombuisspan te wees is onder geen omstandighede 'n geringe taak nie - dis dikwels 'n ondankbare werk wat verrig moet word, want om almal tevrede te hou met dit wat jy maak om te eet, is maar moeilik. Dis 'n werk van vroeg opstaan om die voorbereidings te tref vir ontbyt en nadat almal al klaar is met hulle aktiwiteite vir die dag, nog besig te wees om die skottelgoed te was.

Tans is daar 5 vroue wat elke dag moet diens doen om kos voor te berei vir sowat 150-180 mense.

Bid saam met ons vir:

- Die vroue wat daar werk, dat hulle **toegewyd** sal wees en bly
- **God se voorsiening** vir die kombuis (dis wonderlik om te sien hoe daar met 'n klein begroting baie ver gegaan kan word)
- **Dankbare harte** van die mense wat uit die kombuis moet eet

# Tamaties

Die tamatietonnels is die afgelope jaar onder nuwe bestuur. Die tonnels is 'n intensiewe bedryf met baie leerervarings versteek in die proses. Daar is baie nuwe uitdagings. Oom Frik moes van nuuts af leer hoe alles werk, watter siektes is wat, wanneer moet geplant word, ens. Omdat die bedryf nog so nuut is op die sending, is die kapitaalvloei maar styf. Die wind het baie skade aangerig aan die tonnels wat dringende herstelwerk genoodsaak het.

Bid saam met ons vir:

- **Wysheid** om te weet wat om in elke situasie te doen
- **'n Geseënde, winsgewende oes**
- **Beskerming teen die wind**
- Dat daar **nie siektes** onder die tamaties sal wees nie, en as daar is dat hulle die wysheid sal hê oor hoe om dit te behandel

# Adullam Aktiwiteite Vervolg...

# Melkery

Daar is tans +/- 19 koeie in melk wat ongeveer 250 liter melk produseer.  Van die melk word vir die kombuis gegee om daagliks te gebruik en die res word in die gemeenskap verkoop.

Bid saam met ons vir:

- **Gesondheid** van die koeie
- **Veiligheid** van ons mense wat die melk in Embalenhle met 'n bakkie verkoop
- **Groei van die melkery** sodat meer melk geproduseer en verkoop kan word

# Skape

Ons is dankbaar om te kan sê dat die Here ons skaapverkope die afgelope maande werklik geseën het. Die aanvraag na skape is groot en Johan moes nou al op twee geleenthede skape gaan aankoop om die mark oop te hou.  Ons hoop dat die volgende skape van ons eie trop in Desember groot genoeg sal wees om te verkoop.

Bid saam met ons vir:

- **Veiligheid** van ons skape (dit gebeur soms dat iemand oor die heining klim en van ons skape steel)
- **Gesondheid** van ons skape
- **Groei** van die skaaptrop, sodat ons reg deur die jaar genoeg skape sal hê om in die aanvraag te voorsien.

# Tuine

Phillip en sy mense is hard aan die werk om die voorbereidings te tref vir die plant en oes van verskillende groentes gedurende die somer.  Van die groente word in ons kombuis gebruik om in die behoeftes van ons mense op die sending te voorsien.

Bid saam met ons vir:

- Die **groei** van die **groente** en vir 'n **goeie oes**
- Die mense wat in die tuin werk **om te volhard** met die fisiese werk wat hulle elke dag moet verrig

# Bye en Heuning

Sjoe, al wat ons hier kan sê is, wat 'n jaar was dit nie!  Die aanvraag na heuning was groot en deur die Here se genade kon ons aanhou voorsien aan almal wat navraag gedoen het.


Bid saam met ons vir:

- **Veiligheid** van ons bye en die byekaste
- Die "heuningoes", dat God dit sal **seën en verdubbel**
- Om die **heuningboerdery uit te brei as dit God se wil is**

# Adullam Aktiwiteite vervolg...fotos




Solomon besig om die daaglikse melkvoorraad na die vervoertenk oor te tap vir verkope in Embalenhle






Speenlammers van die 2011 seisoen.
Ons het tans ongeveer 270 ooie en 7 ramme



Emmanuel besig om die melkmasjien skoon te maak






Skade wat die wind aan die tamatietonnels se plastiek aangerig het



Delmore besig om dooie tamatieblare af te breek



Die ongeveer 4 800 plantjies groei mooi, en ons bid vir 'n goeie seisoen







Precious en Lydia—altwee verantwoordelik vir die skoonmaak van kantoor, terrein en klasse



Die spinasie het van die ergste winterskoue oorleef



Rudo—een van die monitors by die skool besig om na Carien se leeswerk te luister



Een van vele hoenders wat op die werf rondloop opsoek na ietsie lekkers om te eet



Die 5 vroue wat elke dag verantwoordelik is vir ongeveer 200 mense se kos

# Julle wat ons nuusbrief lees

Dankie vir u gebede en ondersteuning deur die loop van die jaar. Weet dat elkeen wat hier op Adullam dien, u betrokkenheid opreg waardeer. Bid ook dat ons sal volhard in die roeping van ons Here Jesus en dat ons dit waardig mag wees (2 Tess 1:11).

## Indien u betrokke wil raak

Indien die Here dit op u hart lê en u graag by Adullam Sending se projekte betrokke wil raak, is u welkom om ons te kontak.
Adullam-kantoor: Tel (017) 689 2001 / 4 of E-pos: adullamaca@secunda.co.za. Die Here seën u! www.adullam.org.za